
# VONKK 116
# Laat Jou Lewe Aan Die Here Oor
## (Psalm 37)




*Voorleser:*
Vertrou op die Here en doen wat goed is, dan woon en werk jy in ware vrede.
Wees bly in die Here, Hy gee jou sy gawes. Jou diepste wense sal Hy vervul.

***Keervers:***

*Voorleser:*
Wees stil in die Here; wag rustig op Hom, want dié wat Hom dien, sal alles besit.
Bly afhanklik van God, vertrou net op Hom – dan sal jy sy vrede en voorspoed ervaar.

***Keervers:***

*Voorleser:*
As jy min besit en die Here dien, is jy ryker as skelms met sakke vol geld.
Die Here versorg; Hy beskerm sy kinders; Hy gee hul 'n land waar hul altyd kan woon.

***Keervers:***

*Voorleser:*
Die Here beplan die koers van sy kinders en Hy sal ook sorg dat dit goed gaan met hul.
Ja, selfs as hul struikel, sal sy hand hul vashou, dan sal hul nie val of bly lê in hul nood.

***Keervers:***

*Voorleser:*
Ek het nog nie gesien dat dié wat God dien op straathoeke staan om te bedel vir kos,
want die Here red dié wat Hom soek in hul swaarkry – Hy help almal wat by Hom skuil.

***Keervers:***

*Psalm 37*
Teks: Driekie Jankowitz 2009 *(Pro Deo)*
Musiek: JACUS – Jacus Krige 2009
Kantoryverwerking 1 (keervers): Jacus Krige 2010
Kantoryverwerking 2 (keervers): Gerrit Jordaan 2010
Kantoryverwerking 3 (keervers): Albert Troskie 2010 *(Pro Deo)*
© 2009 VONKK Uitgewers (admin Bybel-Media)

VONKK

**RUBRIEK: Meditatief – Geloof en Vertroue**